

# DIE KERKHISTORIESE BELANG VAN DIE KORTE SCHETS DER GODDELYKE WAERHEDEN, 'N KATKISASIEHANDBOEK VIR DIE KAAPS-HOLLANDSE KERK UIT DIE 18DE EEU

RM BRITZ<sup>1</sup>

## ABSTRACT

The article deals with the first ever published catechism which was used by the Cape Dutch Church, aiming to point out the ecclesiological significance of this event. During 1746 it appeared as a *Korte Schets der Goddelyke Waerheden*. It was compiled by Fransiscus le Seuer, local minister to Cape Town. Historically, it is quite evident that the ministry of this church was coming to its own after approximately a century on African soil. The theological approach and emphasis of the booklet is expressed in terms that presuppose an intellectual-humanistic interpretation of the Christian faith. This gave rise to the question whether Le Seuer's booklet was typical of the theological stand of the 18th century Cape Church? Did its ministry miss the intension and premisses of the accepted Reformed Confessions?

Gedurende 1746 het die Kaaps-Hollandse kerk vir die eerste keer uit eie geledere 'n gepubliseerde handboek vir kategetiese onderrig bekom. In daardie jaar is 'n *Korte Schets der Goddelyke Waerheden* “ten dienste van de jeugd aen deezen uithoek” “t Amsterdam, by Isaak Graal, Boekverkoper in de Hoogstraat ...” gedruk. Die skrywer was ds Fransiscus le Seuer, 'n Nederlander wat aan die Kaap 'n nuwe tuisland gevind het. Hierdie kleinformat handboekie uit sy pen het 'n kerkhistoriese belang wat ten minste na twee kante toe sny. Allereers staan dit in die teken van kerklike selfvereenwelwing en identifisering. Hierbenewens is dit 'n betroubare aanduiding van die teologiese aksentuering en oorweging waarmee die Kaapse gemeente teen die helfte van die 18de eeu begelei is. As bron in hierdie verband moet dit nie onderskat word nie. Naas die prediking word die konfessionele koördinate van 'n kerk immers die duidelikste in sy kategetiese onderrig sigbaar. Gedagtig: hieraan, is die doel van die artikel om met enkele kantaantekeninge die kerkhistoriese betekenis van bg. katkisasieboekie oorsigtelik aan te dui.

23

## 1. DIE KAAPS-HOLLANDSE KERK BEGIN HOMSELF AANVAAR: C. 1710 – 1750

Alhoewel die Kaapse kerk teen 1700 reeds 50 jaar deel van die suidpunt van Afrika en sy gemeenskappe was, en alhoewel hy toe reeds in drie onderskeie gemeentes na vore gekom het, het die proses van selfaanvaarding en identifisering eers gedurende die tweede 50 jaar van sy bestaan beslag gekry. Die nuwe eeu het 'n situasie geskep waarin die kerk aan die Kaap homself moes handhaaf. Algaande het hy van bedieningsbehoefte bewus geword. Dit het 'n uitdaging meegebring wat hy self moes behartig. Daarin het die oudste gemeente en sy kerkraad voorgegaan en die “buitegemeentes” in 'n oriëntering aan homself as die “hoofdplaats” gehou.

Nadat Willem Adriaan van der Stel, die omstrede Kaapse goewerneur, gedurende 1707 na Nederland moes terugkeer, het die belangegroep wat sedert die eeuwenteling in die harnas gehou is, afgesien van 'n verdere stryd.<sup>2</sup> Daarmee is 'n onvergenoegde situasie uiteindelik gesnoer. Die

---

<sup>1</sup> Dr RM Britz, Dept Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. (*Acta Theologica* 10(1), Junie 1990, 23-40)

<sup>2</sup> Sien Dominicus: *Het ontslag van Willem Adriaen van der Stel*. Rotterdam, MCMXXVIII. Vgl. verder Boësen: *Simon van der Stel en sy kinders*, Kaapstad, 1964, 184 e.v.

gevestigde kerk (wat by die onderlinge geskilvoering met warm hande ingesleep is<sup>3</sup> kon nou weer sy dienswerk sonder belemmering voortsit. Die VOC het sy bediening steeds gewaarborg deur formeel die struktuur en ruimte daarvoor te skep. Die sprekendste bewys hiervan is die wyse waarop besoekende kommissarisse by verskillende geleenthede gedurende die eerste helfte van die 18de eeu by hulle ordende voorskrifte vir die Kaapse samelewing ook riglyne neergelê het vir die beskerming en voortgang van die kerklike lewe.<sup>4</sup> Predikante is aangestel en die wisseling binne poste is voorkom deurdat hulle vir langer periodes in gemeentes gestaan het. Ds.

24

D'Ailly<sup>5</sup> is na 'n lang bediening in die Kaapse gemeente in 1726 dood. Ds Beck<sup>6</sup> het jare lank in Stellenbosch die Woord bedien voordat hy, na die oorlye van D'Ailly, na die Kaap verplaas is en gedurende 1731 geëmeriteer het. In ds van Aken<sup>7</sup> het die gemeente van Drakenstein uiteindelik 'n leraar gevind wat vir meer as 10 jaar – totdat hy in 1724 oorlede is – sou voorgaan. Hierdie predikante, waaronder ook ds Slicher,<sup>8</sup> het die kerklike lewe ongetwyfeld in vaster bane gelei. Vir nagenoeg 20 jaar sou hulle die kerklike leiding waarneem. Sedert 1723, toe ds Slicher as tweede leraar van die Kaap bevestig is, is die drie gemeentes deur vier predikante bedien.

Teen die 30 jare moes 'n nuwe geslag predikante die kerklike bediening en werk aan die Kaap oorvat<sup>9</sup>. Hulle was sonder uitsondering Nederlanders, met 'n Nederlandse akademiese en teologiese opleiding.<sup>10</sup> Gedurende 1729 het ds le Sueur<sup>11</sup> in die Kaap aangeland. Twee jaar later is J.W. Hertzogenraedt<sup>12</sup> in Drakenstein bevestig, terwyl Henricus Cock<sup>13</sup> in 1732 die tweede predikant van Kaapstad geword het. In dieselfde jaar word ds van Echten<sup>14</sup> in Stellenbosch in die amp bevestig. Vyf jaar later word hy verplaas na Drakenstein. Sy plek word (in 1738) geneem deur die bekwame ds Wilhelm van Gendt.<sup>15</sup> Hierdie predikante

25

---

<sup>3</sup> Vgl. die indringende bespreking van Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad, 1937, 112 e.v. Hy toon aan hoedat die bediening van al drie gemeentes hierdeur geraak ts. Die predikante is daarby betrek en het hulle in die onmin deur kantsiesing laat geld.

<sup>4</sup> Vir die reëlins van Simons, sien Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken II*, Amsterdam-Kaapstad, 1907, 604 e.v. Vir dié van Joan van Hoorn, sien dies; 608 e.v.; Moorrees: *a.w.*, 146 e.v. Baie bekend is die reëlins van Van Imhof. Vgl. daarvoor “The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff” in *Van Riebeeck Society I*, Cape Town, 1918, 53 e.v.; Boëseken: *Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap*. Ongepub. DPhil-verhandeling US, 1943, 68 e.v., 92, 118, 227 e.v., 283, 397.

<sup>5</sup> Sien Engelbrecht: *a.w.*, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu*. Pretoria, 1953, 49 e.v.

<sup>6</sup> *Dies*, 36. Hy is op ouderdom 86 jaar in Kaapstad oorlede. Sien verder Hatting: *Biografieë van enkele Hugenote-predikante*; ongepub. referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Catvynnavorsing 1988*, 9 e.v.

<sup>7</sup> Sien Engelbrecht: *a.w.*, 50 e.v.; Hattingh: *a.w.*, 17 e.v.

<sup>8</sup> Sien Engelbrecht: *a.w.*, 52 e.v.; Hattingh: *a.w.*, 21 e.v.

<sup>9</sup> Moorrees: *a.w.*, 165, wys hoe ernstig die situasie in werklikheid was. Binne vyf jaar is drie predikante oorlede.

<sup>10</sup> Vgl. Knappert: *Geschiedenis der Hervormde kerk onder de Republiek en het Koninkryk der Nederlanden. II: Geschiedenis der Nederlansche Hervormde Kerk gedurende de 18de en 19de eeuw*. Amsterdam, 1912, 144-155. Hy wys daarop hoedat die teologiese tydsgees die opleiding van predikante bepaal het.

<sup>11</sup> Sien Engelbrecht: *a.w.*, 54.

<sup>12</sup> *Dies*; 55.

<sup>13</sup> *Dies*; 56.

<sup>14</sup> *Dies*, 56 e.v.

<sup>15</sup> Moorrees: *a.w.*, 168 e.v. Sien verder Engelbrecht: *a.w.*, 58 e.v. Sien ook Fenscham (red.): *Drie eeue genade. Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch 1686-1986*. Kaapstad, 1986, 19-22.

sou diep spore in die Kaapse gemeenskap en kerk trap.<sup>16</sup> As medestanders het hulle met die Kaap, sy gemeentes en sy mense geassosieer en die bediening van die kerk verder gevoer.

Hulle het nie net plaaslik voorgegaan nie. Hulle het óók die amptelike kerk gehelp om homself as die enigste kerklike instelling in die gemeenskap te handhaaf. Dit is egter sonder 'n deeglike en teologiese verantwoording gedoen. Allereers het die kerk en sy leraars die aandrang van Lutherse lidmate gedurende die 40 jare om 'n eiesoortige gemeente en kerk te institueer, ter syde laat stel. Hierin het die owerheid hom tegemoetgekom en die eise van die Lutherane verwerp.<sup>17</sup> Ook het die predikante opgetree teen die wyse waarop die sieketroosters Van Dyk en Raetsel, asook die besoekende predikant Van der Veen, teen die helfte van die eeu aanklank gevind het onder (bevindlike) lidmate en in 'n “laag-kerklike” groepering wou voorgaan.<sup>18</sup> Die sendeling uit Herrnhut, Georg Schmidt,<sup>19</sup> het vir 'n verdere kerklike probleem gesorg. In 1743 moes hy die laud weer verlaat. Sy individualistiese benadering en bediening in die omstreke van Genadendal<sup>20</sup> kon nie versoen word met die bestaan van een amptelike kerk in die kolonie nie.<sup>21</sup>

## 25

Ondertussen het die gemeentes van Stellenbosch<sup>22</sup> en Drakenstein<sup>23</sup> albei nuwe kerkgeboue gekry. Die korrespondensie met die Classis van Amsterdam is op 'n gereelder grondslag behartig.<sup>24</sup> Dit is egter misleidend om, soos Moorrees, die eerste helfte van die 18de eeu in terme van 'n “wasdom en uitbreiding van die kerk” te beskrywe.<sup>25</sup> In vergelyking met die totale Europese bevolking het 'n relatief geringe aantal mense hulle as lidmate by die Kaapse gereformeerde kerk gevoeg.<sup>26</sup> Dit beteken dat die Kaap ook nie van die “onkerkelijkheid en ongeestelijkheid”<sup>27</sup> wat in Nederland hand oor hand toegeneem het, gespaar is nie. Vele aan die Kaap was vervreemd van die kerk en selfs kerkloos. In die voorposte het ander weer kerkloos geraak. Predikante en kerkrade kon dit nie

---

<sup>16</sup> Hier kan ook nog na ds A.M. Meiring verwys word. As voorpospredikant het hy gedurende 1743 die herder van die gemeente Roodezand geword. In 1757 is hy oorlede. Sien Engelbrecht: *a.w.* 60 e.v.; Meiring (samest.): *Meededelings omtrent en 'n reisbeskrywing deur Arnoldus Mauritius Meiring*. S.p., 1943.

<sup>17</sup> Vgl. Moorrees: *a.w.*, 240 e.v. Vgl. ook Hoge: “Die geskiedenis van die Lutherse Kerk” in *Argief Jaarboek 1(2)*, Kaapstad, 1938, 26 e.v., 41 e.v., 54 e.v.

<sup>18</sup> Sien Moorrees: *a.w.*, 230 e.v.

<sup>19</sup> Sien Müller: Georg Schmidt. *Die Geschichte der ersten Hottentoten-Mission*. Herrnhut, 1923; Bredekamp en Hattingh (reds.): *Dagboek en briewe van Georg Schmidt. Eerste sendeling in Suid-Afrika (1737-1744)*. Bellville, 1981.

<sup>20</sup> Vgl. *Balie: Die geskiedenis van Genadendal 1738-1988*. Kaapstad, 1988.

<sup>21</sup> Sien Moorrees: *a.w.*, 362 e.v. Vgl. ook Cruse: *Die Opheffing van die Kleuringbevolking*. Stellenbosch, 1947, 140 e.v.; Krüger: *The Pear Tree Blossoms. The History of the Moravian Church in South Africa 1737-1869*.

Genadendal, 1966, 11-46; Van der Merwe: *The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa*. Cape Town, 1936, 57 e.v.; Du Plessis: *A History of Christian Missions in South Africa*. London, 1911, 50-60.

<sup>22</sup> Sien Moorrees: *a.w.*, 150 e.v.; Hugo en Van der Bijl: *Die Kerk van Stellenbosch 1886- 1963*. Kaapstad, 1963, 45 e.v.

<sup>23</sup> Sien Moorrees: *a.w.*, 158-159.

<sup>24</sup> Vgl. Odendaal: *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952) veral met betrekking tot die Ned. Gerej: Kerk*. Franeker, 1957, 40.

<sup>25</sup> *A.w.*, 144 e.v.

<sup>26</sup> In 1731 was daar bv. net 300 lidmate in die Kaapse gemeente. Sien Moorrees: *a.w.*, 146. Drakenstein het in 1729 omtrent 188 lidmate getel. Sien *dies*; 165.

<sup>27</sup> Vgl. Vos: *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk. Tweede Deel. Van 1651-1842*. Dordrecht, 1882, 99.

geheel en al ondervang nie.<sup>28</sup> Ander weer, het langs die amptelike kerk beweeg en nog onbeholpe aan 'n eie kerklike oriëntering en tradisie vasgehou (bv. die Lutherane).<sup>29</sup>

Waar gemeentes gevestig was, is daar aanduiding uit die beskikbare bronne dat lidmate die geloof verskillend vertolk en belewe het. Daar was diegene wat dit deurlewe het en vir hulleself die effek van die heilsopenbaring op 'n bevindelike manier in die menslike eksistensie ingeleef het. Vir die heilbegerige gemoed was die vooropstelling van die ortodokse leer ten minste 'n verkeerde en dorre vertrekpunt. Uit die briewe van Susanna Bosman, weduwee De Vries, aan ds van der Groe van Kralingen teen die helfte van die 18de eeu, is dit duidelik dat die geestesgoedere van die Nadere Reformasie ook by Kaapse lidmate gelewe het.<sup>30</sup> By hulle het die deftige redevoerings en preekstyl van die

## 27

geskoolde predikante, wat met geleerdheid geïmponeer het, nie afgegaan nie.

Vroeg in die vierde dekade lei die besoek en inspeksiereis van 'n invloedryke kommissaris van Duitse en Lutherse<sup>31</sup> afkoms, Van Imhof, tot die stigting van nog twee “buitegemeentes” (Zwartland 1743 en Roodezand 1745). Daarmee is die kerklike situasie verander.<sup>32</sup> Die kerk moes die toename in gemeentes en predikante verwerk. Dit het uitgeloop op 'n “Gecombineerde Vergadering” in 1745.<sup>33</sup> Dit het 'n jaarlikse instelling geword. Ofskoon die konstituering vanuit die owerheid plaasgevind het en die momentele oorwegings prakties van aard was, staan dit tog in die teken van 'n kerk wat besig was om homself te vind. Selfstandigwording en verinheemsing het momentum gekry en in 'n kerkverband tot uitdrukking gekom. Hierdie vergadering was van groot betekenis vir die Kaapse kerk, sy lewe en werk. Hierin kon die Kaapse Kerk met homself op weg gaan. Die eerste eeufees op 8 April 1752 is kerklik begelei. In die Kaap het die eerste landseun wat predikant geword het, Petrus van die Spuy,<sup>34</sup> voorgedaan. Hy het 'n Dank-Altar, Gode ter eere opgericht<sup>35</sup> en met Skriftuurlike verbandlegging 'n teologiese en historiese singewing vertolk.<sup>36</sup> 'n Historiese bewussyn het tot verwoording gekom.

---

<sup>28</sup> Vgl. *dies.*, 156 e.v. hieroor.

<sup>29</sup> Vgl. Hoge: *a.w.*, 62 e.v.

<sup>30</sup> Vgl. *De laatste Woorden van Wijlen den Heer Hermanus Lambertus Bosman, stamvader van al de Bosmans in Z. Afrika geboren, beschreven door zyn Eds. dochter Elizabeth Bosman ...* Kaapstad, 1855. Sien Brienen: *De Prediking van de Nadere Reformatie. Een onderzoek naar het gebruik van de klassificatiemethode binnen de prediking van de Nadere Reformatie.* Amsterdam, 1974, 146-155 vir Van der Groe. Vir hierdie teologiese benadering, sien verder Graafland: *De zekerheid van het geloof. Een onderzoek naar de geloofsbeschouwing van enige vertegenwoordigers van reformatie en nadere reformatie.* Wageningen, 1961. Sien ook Spoelstra: *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899.* Kaapstad, 1963, 5 e.v.

<sup>31</sup> Vir Van Imhof, sien, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, 804-806. Vir sy optrede in die breë, sien Stapel: *Geschiedenis van Nederlandsch Indië IV.* Amsterdam, 1938, 179 e.v., 182 e.v.

<sup>32</sup> Vgl. Moorrees: *a.w.*, 184 e.v.; Smit: *Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartland. Tweede eeufees 1745-1945.* Kaapstad, 1945, 15 e.v.

<sup>33</sup> Sien Hurter; *Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap (1745-1759). 'n Inleidende verkenning van en vraagstelling i.v.m. die bestaande notules en beskikbare korrespondensie.* Ongepub. Lisensiaatskripsie US, 1975. Ook Moorrees: *a.w.*, 194 e.v.

<sup>34</sup> Sien Engelbrecht: *a.w.*, 64 e.v.

<sup>35</sup> Dit is in Utrecht, 1753, by Van Paddenburg uitgegee.

<sup>36</sup> Vir meer besonderhede, sien Britz: *Beeld en singewing. 'n Ekklesiologiese verkenning van die literatuur waarin die geskiedskrywing oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy oorsprong het.* Ongepub. D.Th.-proefskrif US, 1989, 108 e.v.

Uit alles wat tot dusver gesê is, is dit duidelik dat die erkende kerk aan die Kaap besig was om homself (veral sedert ongeveer 1740) te aanvaar. Hy was Kaaps, en Kaaps-Hollands. Sy innerlike kerklike lewe

28

was nie homogeen nie. Lidmate het uiteenlopend oor die geloof gedink. Daarmee sou hy akkommoderend op weg moes gaan. In die voorposte moes die kerk sy bediening na die eis van omstandighede aanpas, en nie altyd daarin geslaag nie. In eie reg het hy na sy belange omgesien en sy bediening ter hand geneem. Die tyd het aangebreek dat dit ook skriftelik tot uitdrukking moes kom. Dit het (oa) uitgeloop op die publikasie van 'n handboek by die kategetiese onderrig. Ds le Seuer het met die opstel hiervan 'n pertinente behoefte ondervang.

2. 'N GEPUBLISEERDE KATKISASIEHANDBOEK UIT EIE GELEDERE: 1746

So gesien, is dit begryplik waarom die Kaaps-Hollandse kerk gedurende 1746 dan sy eerste gepubliseerde katkisasieboek ontvang het. Die skrywer het behoorlik moeite gedoen om vir hierdie kerk en sy katkisante 'n *Korte Schets der Goddelyke Waerheden. Waar in de Leere der Gereformeerde Kerke, na het Voorschrift van Gods H. Woord, kort en klaar is voorgesteld, en kragtig bevestigd tegens die genen, welke van de waerheid af dwalen*<sup>37</sup> in die hand te gee. Dit is “uitgegeeven volgens Kerkenordre”<sup>38</sup> en het, soos die titel dit uitdruk, 'n bewuste apologetiese opset.

Toe die *Korte Schets* van die pers kom, was ds le Seuer reeds 17 jaar predikant van die plaaslike gemeente, en 'n gerespekteerde lid van die gemeenskap. Hy het sy opleiding aan die Teologiese Fakulteit van Leiden<sup>39</sup> ontvang en is aan die Kaap met Johanna Swellengrebel, suster van die latere goewerneur, getroud. Vanweë 'n lastige siekte versoek hy gedurende 1744 sy ontslag met die oog daarop om hom op die boerdery

29

toe te lê. Eers in die jaar waarin sy handboekie vir die kategese van die pers kom, neem hy op 11 September 1746 afskeid van sy gemeente. As oud-predikant van die Kaapse gemeente behou hy egter steeds sy invloed in kerklike kringe voordat hy in die ouderdom van 57 jaar in 1757 sterwe.<sup>40</sup>

Hierdie leerboekie het sy voorloper in ten minste twee handgeskrewe werkies gehad.<sup>41</sup> Beide is tewens ook deur Le Seuer geskryf. Die “geschreevene boekjes” waarmee “men zich meest beholpen heeft,” teken hy aan, het egter nie aan die doel beantwoord nie. Soveel foute het met die

---

<sup>37</sup> Uitgegee “T 'Amsterdam, by Isaak Graal, Boekverkoper in de Hoogstaat over de Zandstraat” 1746.

<sup>38</sup> Le Seuer. *Korte Schets der Goddelijke Waerheden. Waar in de Leere der Gereformeerde Kerke, na het Voorschrift van Gods H. Woord kort en klaar is voorgesteld; en kragtig bevestigd tegens die genen, welke van de waeheid afdwalen*. Amsterdam, 1746, Aenspraek. Vir die approbasierereg, sien *Kerkelijke Handboekje, Zijnde een kort uittreksel van de vernaamste acten der Nationale en Provintiale Synoden, betrekkelijk de zuiverheid der Leere, rust der kerke, enz. ...* Kampen, 1897, 292-294. Dit slaan waarskynlik op die “Placaat, nopende het visiteren van boeken. Den 21 November 1715.” Dit is in Den Haag deur die State van Holland en Westvriesland op aandrang van die Noord- en Suid-Hollandse Sinodes aangekondig.

<sup>39</sup> Vgl. hiervoor Woltjer. *De Leidse Universiteit*. Leiden, 1965, 1-68; Ypeij en Dermout: *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk III*. Breda, 1824, 354 e.v.; Reitsma: *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk*. Utrecht, 1913, 666 e.v.

<sup>40</sup> Vir biografiese besonderhede, sien Engelbrecht: *a.w.* 54-55.

<sup>41</sup> Le Seuer: *a.w.*, Aenspraek.

oorskrywery ingesluit.<sup>42</sup> Om hierdie probleme te ondervang wou hy gevolglik “een Korte Schets in het licht ... geeven.”<sup>43</sup> Dit het hy gedoen “in hoope dat het zelve tot eenig nut voor het algemeen zal kunnen strekken.”<sup>44</sup> Die eintlike oogmerk hiermee is dat “het zoude zyn tot nut van de Gemeintens van deezen uythoek, niet alleen die van de buyte kerke, maer zelfs van deeze Hooftplaets, die zeer verstroot zynde, geen geleegentheid hebben de Catechesatien by te wonen, en daerom op het van buyten leeren van een boekje, en op goede getuygenisse van haar gedrag, moeten aengenoomen worden.”

Ook meen die skrywer dat die opsetlike apologetiese inslag van sy katkisasieboekie vir die leerlinge besondere voordeel inhou, omdat “zy daer door een denkbeeld zullen kunnen krygen, van de dwaelende partyen, en teffens in de fundamentele waarheeden zonder ander behulp zullen kunnen bevestigd worden, 't welk niet weete dat in eenig ander boekje, op zoodaenig eene wyze, te vinden is.”<sup>45</sup> Le Seuer het immers self gehelp om standpunt te stel teen sowel die aandrang van die Lutherane om 'n geïnstitueerde kerk aan die Kaap, as die sendingwerk van Georg Schmidt uit Hernnhut. Hierdie standpuntstelling was nie sonder teologiese en leerstellige voorbehoud nie. Met die unieke

### 30

(apologetiese) aard<sup>46</sup> van die boekie “zal het zelve een bequame handleiding zyn voor de zoodanigen die een naeder onderwys hebben kunnen.”<sup>47</sup> Dit sou “onder het Catechizeeren” goedskiks aangevul kon word. Boonop sou die “leergierigen onderzoeker”<sup>48</sup> daarin genoeg materiaal vind om dit verder en meer diepgaande uit te pluus. Ds le Seuer is doelgerig daarop uit om 'n bepaalde bedieningsbehoefte van die Kaapse kerk te voorsien. Dit is gevolglik nie om dowe neutte dat hy homself soveel moeite troos om 'n handboekie van 58 bladsye op te stel nie.

### 3. DIE AANPAK EN OPSET VAN DIE HAND BOEKIE

Van buite beskou, staan die Korte Schets in die tradisie van die gereformeerde en protestantse kategese en teologie.<sup>49</sup> Dit is, 'n vraagboekie, waarop die antwoorde telkens met byhaal van die Skrif en teologiegeskiedenis gegee word. Op 'n ry af behandel dit sake wat tradisioneel in die gereformeerde belydenisskrifte en teologie aan die orde kom, soos bv. die Godsleer, die skepping, sondeval, verbond, die werk en Persoon van Christus, ens.<sup>50</sup>

Ds le Seuer laat die onderrig begin by “het hoogste goet van den mensch.” Dit bestaan “in het kennen/ liefhebben en genieten van God.”<sup>51</sup> Daarby word God verstaan as “een Allerzaekelijkt/ Volstrekt Eeuwig/ en Onbegrypelyk Opperweezen.”<sup>52</sup> Op die vraag “Hoe weet gy dat er een God is?” lui die antwoord: “Daer van ben ik volkomen overtuigt/ door dat ingeschaep denkbeld/ dat

---

<sup>42</sup> Dies. Hy kla dat selfs sy eie handgeskrewe boekies op hierdie wyse van waarheid beroof is.

<sup>43</sup> Dies.

<sup>44</sup> Dies.

<sup>45</sup> Dies.

<sup>46</sup> Dies. Sien sy opmerking: “die men ook myns weetens in andere boekjes, al zyn zy van grooter omtrek, met vind,

<sup>47</sup> Dies.

<sup>48</sup> Dies.

<sup>49</sup> Vgl. Verboom: *De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie*. Amsterdam, 1886, 157 e.v., veral 187 e.v.

<sup>50</sup> Vgl. Bakhuizen van den Brink: *De Nederlandse Belydenisschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen*. Amsterdam, 1976.

<sup>51</sup> Le Seuer: *a.w.*, 1.

<sup>52</sup> Dies.

ik van God hebbe: 't welk in my niet konde zyn/ ten zy door God zelve in my gegeeuen."<sup>53</sup> Die "kennisse Gods/ uit dit Denkbeeld voortvloeiende," d.w.s. "de

31

natuurlijke kennis Gods," is egter nie genoegsaam vir die kennis van die saligheid nie.<sup>54</sup> Die "Licht en nadere Openbaring" van die Skrif, "van welkers Goddelijkheid/ een ieder aendagtig Onderzoeker oortuigt kan zyn"<sup>55</sup> moet nog bykom. Die "uitmuntentheid/ en dierbaerheid van deeze openbaring moet den redelyken mensch verplichten/ en aanzetten tot een naerstig onderzoekt/ op dat hy God/ zoo als hy zich daer in naeder heeft geopenbaart/ leere kennen/ ende het waere middel ter Zaligheid ontdekke."<sup>56</sup>

Sy verdere uiteensetting is redelik en sistematies-dogmaties. Hy dui aan hoedat God Hom as Drie-enig in die Skrif openbaar, maar dat 'n mens Hom nie sonder sy "eeuwige werksaamheid" sou kon begryp nie. Hierdie werksaamheid voer Le Seuer terug tot op die besluit van God: "Daer door versta ik/," antwoord hy sy vraag, "dat Eeuwig/ Vrymachtig/ en Onveranderlijk voornemen Gods/ waer door hy heeft beslooten/ en vast gestelt/ alles te Scheppen/ en voort te brengen of toe te laeten/ het welk hy bequaem oordeelde/ om zyn luister en heerlykheid te ontdekken/ en dus alles tot dat einde te bestuuren"<sup>57</sup> Hierdie besluit van God, druk hy dit in 'n skolastieke sin uit, bestaan uit twee dele; die ewige verkiesing en die ewige verwerping.<sup>58</sup> God bring sy besluit ten uitvoer deur die skepping, onderhouding en regering.<sup>59</sup> Die onderhouding is die "daed van de Goddelijke Voorzienigheid/ waer door hy alle door hem geschapen Zacken/ zoo in het gemeen/ als ten aanzien van haere bijzondere soorten/ in hun aanzijn/ en werkinge onderhoud/ en ondersteunt."<sup>60</sup>

Le Seuer verstaan die Goddelike regering as die manier waarop God die skepping bestuur. Daaraan het Hy allereers in die "Verbond der Werken," met Adam opgerig, gestalte gegee.<sup>61</sup> Maar, na die sondeval het God sy bestuur uitgeoefen in die "Verbond der Genade" waarin die menslike deelname nie meer in die voorwaarde van die werke lê nie,

32

maar opgeneem is in dié geloof in Christus, as Middelaar van hierdie verbond.<sup>62</sup> Dit loop uit op 'n behandeling van Christus,<sup>63</sup> sy ampte, werk en Persoon. Nadat hy daarop gewys het dat die versoening en voldoening van Christus net tot die uitverkorenes beperk is,<sup>64</sup> gaan Le Seuer vir die res van die handboekie in op die goedere van die genadeverbond wat die Middelaar vir Sy eiendom verwerf het.<sup>65</sup>

---

<sup>53</sup> *Dies.*

<sup>54</sup> *Dies.*, 2.

<sup>55</sup> *Dies.*, 3.

<sup>56</sup> *Dies.* 51.

<sup>57</sup> *Dies.*, 5.

<sup>58</sup> *Dies.*, 6 e.v.

<sup>59</sup> *Dies.*, 8 e.v.

<sup>60</sup> *Dies.*; 9.

<sup>61</sup> *Dies.*, 11 e.v.

<sup>62</sup> *Dies.*; 12 e.v.

<sup>63</sup> *Dies.*, 13 e.v.

<sup>64</sup> *Dies.*; 18 e.v.

<sup>65</sup> *Dies.*, 20.

In hierdie verband onderskei hy tussen dié goedere wat betrekking het “in dit leven” en dié wat betrekking het op die lewe “nae dit leven.”<sup>66</sup> Wat eg. betref, onderskei hy die “Roeping”<sup>67</sup> waarvan die onweerstaanbare krag van die inwendige roeping (teenoor die uitwendige roeping) deur “de gezonde reeden én uit de Heilige Schrift”<sup>68</sup> bewys word. Hierna kom die “Regtveerdigmaeking”<sup>69</sup> aan die orde waarin hy “de beweegende oorsaek, ... de verdienende oorsaek ... en de instrumenteele oorsaek” onderken. Derdens beredeneer hy die “Heiligmaeking”<sup>70</sup> en daarna die “Goddelyke bewaering.”<sup>71</sup> Laastens gee hy 'n uitvoerige uiteensetting van die “verzegeling.”<sup>72</sup> Hieronder behandel hy die sakramente van die doop en nagmaal sowel as die leer oor die kerk.<sup>73</sup> Die eienskappe van die kerk bestaan in sy suiwerheid en reinheid en daarin dat hy een en algemeen is. Die kentekens van die kerk lê opgesluit in vier aspekte: die suiwer verkondiging van die Woord, 'n geheiligde lewenswandel van die lidmate, die wettige gebruik van die sakramente volgens die instelling van Christus en laastens, om God op die regte manier as God te vereer. Hierdie laaste kenteken geld by uitnemendheid van die gereformeerde kerk.<sup>74</sup> Met groot ingenomenheid

### 33

gaan Le Seuer die katkisant op hierdie punt voor: “Daarom betuyge ik in de oprechtheid van mijn hert te gelooven/ dat de gereformeerde kerk alleen de waere kerk is/ daer de waere zaligmakende genade-leer/ nae het voorschrift van Gods woord/ zonder ergens ik/ daarvan af te wyken/ geleert word.”<sup>75</sup> Uiteindelik is die tug die middel om die kerk suiwer te bewaar. Eers hierna kom hy by die verbondsgoedere wat betrekking het op die lewe van die hiernamaals, nl. die “heerlykmaeking.”<sup>76</sup>

Hand aan hand met die leerstellige informasie betreffende *Goddelyke Waerheden* gaan die uiteensetting en afwysing van dwaalleer. In hierdie verband put by uitsluitlik uit die dogmageskiedenis en stel die gereformeerde standpunt telkens teenoor dié van o.a. Rome, die Pelagianisme, die Sabellianisme, die Lutherane, die Sosianisme en die Remonstrante. Op sy beurt pas dit soos 'n handskoen op die rasonele benadering van Le Seuer in die algemeen.

#### 4. DIE TEOLOGIESE AKSENT ONDERLIGGEND AAN DIE *KORTE SCHETS*

Die belangrike vraag is vervolgens waar hierdie boekie ekklesiologies, d.w.s. teologies en kerkhistories, tuishoort? Dit is immers algemene kennis dat die gereformeerde teologie van die Reformasie in 'n tradisie met uiteenlopende standpunte en aksente verwerk en aangebied is. Die toegespitste vraag is uiteraard in watter sin Le Seuer met die gereformeerde teologie omgaan? Waarop dui sy aanpak en formulering? Stam dit uit die gedagte-wêreld van die Reformasie, m.a.w. dié van die Heidelbergse Kategismus? Of is dit gesnede uit die geestesgoedere van die Nadere Reformasie,<sup>77</sup> m.a.w. soortgelyk aan dié van die baie bekende *Voorbeeld der Goddelijke*

---

<sup>66</sup> *Dies.*

<sup>67</sup> *Dies.*, 20 e.v.

<sup>68</sup> *Dies.*; 22.

<sup>69</sup> *Dies.*, 24 e.v.

<sup>70</sup> *Dies.*, 28 e.v.

<sup>71</sup> *Dies.*, 30 e.v.

<sup>72</sup> *Dies.*; 31 e.v.

<sup>73</sup> *Dies.*, 44 e.v.

<sup>74</sup> *Dies.*; 49 e.v.

<sup>75</sup> *Dies.*, 50

<sup>76</sup> *Dies.*, S2 e.v.

<sup>77</sup> Vgl. Verboom: *a.w.*, 243 e.v. vir 'n kensketsing hiervan.

waarheden voor eenvoudigen van Abraham Hellenbroek,<sup>78</sup> of selfs D'Outrein se *Korte schets der Goddelijke Waarheden*?<sup>79</sup> Of, is dit beïnvloed deur die wetenskaplik-

34

humanistiese teologie van die Nederlandse universiteite van die 18de eeu? Watter teologiese benadering word dus in die werk van Le Seuer gehuisves?

Breed gesien, word die struktuur en opset van die *Korte Schets* ongetwyfeld gedra deur die gereformeerde teologiese tradisie. Noudat dit oorsigtelik afgetas is, kan die wyse waarmee Le Seuer daarmee omgaan, nader gepresiseer word. Dit sal lig werp op die tweede kerkhistoriese belang van hierdie boekie, nl. die aard van die teologiese begeleiding van die Kaapse gemeente teen ongeveer 1750.

In teenstelling met die Heidelbergse Kategismus, gaan Le Seuer nie uit van die Skrif en die openbaring van God nie. Hy knoop, met voorbehoud, aan by die mens en sy kognitiewe vermoë. Sy boekie is gevolglik nie in die eerste plek afgestem op Godskennis en heilskennis nie. In 'n intellektuele behandeling en begrip van die onderskeie doktrinêre waarhede, word dit eerder bygehaal en betrek. Sy metode is dus nie konfessioneel nie, maar kognitief en apologeties.

Hy hou hom dus besig met 'n uiteensetting en beredenering van die Goddelike waarhede, eerder as om die kennis van Christus aan die hand van die belydenis te onderrig. Dit gaan vir Le Seuer dus klaarblyklik nie, soos die Heidelbergse Kategismus die weg aanwys, om soteriologies-pastoraal oor die inhoud van die belydenis te praat nie, maar om 'n leerstellig-teologiese uiteensetting daarvan. Die teologiese standpunt word in 'n sisteem saamgevat en opsetlik verdedig. Daarby is die rede en redelike insigte onmisbaar.

Dogma-histories gaan die uiteensetting van Le Seuer gevolglik terug op die benadering en verwerking van die gereformeerde ortodoksie. Hulle het die gereformeerde teologie van 'n apologetiese metode voorsien en die tendens om te sistematiseer aangewakker.<sup>80</sup> Dit blyk bv. duidelik uit die (intellektualistiese) wyse waarop Le Seuer die verbond in terme van 'n werk- en genadeverbond kategoriseer, of die afbakening en sistematisering van die heil in Christus. Hierby kan sy supralapsariese denke nog gevoed word. Maar genoeg. Te oordeel hieraan, laat kry Le Seuer die *Korte Schets* die karakter van 'n leerboekie oor die inhoud van die christelik-gereformeerde geloof. Daarin druk rasonele en

35

intellektuele kategorieë en 'n benadering wat van die mens af uit opgestel is, telkens gereformeerd-konfessionele oorwegings en uitgangspunte op die agtergrond. In die breë plaas hy dus die klem ten koste van Godskennis (Reformasie) op intellektuele kennis aangaande *Goddelike Waarheden* (Ortodoksie). Daarby is hy in 'n mindere mate beïnvloed deur die manier waarop die Nadere Reformasie die gelóófskennis benadruk het. Op die keper beskou, korreleer die ontsluiting van Le

---

<sup>78</sup> Nijkerk 1912<sup>25</sup>. Sien verder De Villiers: *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika I*. Ongepub. DDiv-verhandeling US, 1957, 215 e.v.

<sup>79</sup> Sien De Villiers: a.w., 180; Vos: a.w., 114; D'Outrein: *Korre schets der Godlijke Waarheden, zoo als die in haare natuurlyce ordre te samen geschalcelt zijn: waarin kortelyk de Heilige Godgeleerdheyt doorloopen, de wegen Gods in zijne Kerk nagespeurt, en insonderheyt de verscheiden Bedeelingen van het genadenverbond nader opgehelderd worden; tot oefening van waarheid en deugd door Johannes d'Outrein*.

<sup>80</sup> Vgl. Vos: a.w., 100 e.v. Hy wys daarop hoedat "het Rationeel-Supralapsarisme" teologies 'n staanplek verower het. Sien *dies*; 105.

Seuer met die aanvaarde kerklik-protestantse benadering van die Nederlandse gereformeerde-teologiese tradisie, soos dit aan die teologiese fakulteite beredeneer en beoefen is.<sup>81</sup> Op hierdie lees, met die humanistiese tradisie daaragter, is die *Korte Schets* geskoei. En, daarmee het die kategetiese begeleiding in die Kaapse gemeente mank gegaan aan 'n oorspronklike gereformeerde verantwoordings, soos die Heidelbergse Kategismus in hierdie verband voorgestaan het.

## 5. SAMEVATTING

Daar behoort nou duidelikheid te wees oor die kerkhistoriese belang van bg. handboekie uit die 18de eeu. Die enkele kantaantekeninge het hopelik aangetoon dat dit teen die agtergrond van 'n kerk wat 'n historiese bewussyn tot uitdrukking wou bring, gelees moet word. Dit is ten minste bewys daarvan dat die Kaapse kerk rekenskap van homself en sy bediening wou gee. Dogma-histories gesproke, is dit opgestel in terme van die kontemporêre Nederlandse teologie, met sy kenmerkende rasionele inslag. Neem 'n mens dus die uitgangspunte, aksente en benadering van Le Seuer ernstig op, moet die teologiese onderbou van sy boekie nie in die onmiddellike nabyheid van die soort teologie wat in die Heidelbergse Kategismus neerslag gevind het, gesoek word nie.

Daar is egter nog 'n laaste oorblywende vraag wat nie geïgnoreer kan word nie. Is hierdie eerste gepubliseerde katkisasieboek uit die geleedere van die Kaaps-Hollandse kerk tiperend van sy teologiese oriëntering in die algemeen? Teologies-krities gestel: was die Kaaps-Hollandse kerk van die 18de eeu so gereformeerde as wat algemeen aanvaar word? Stel hierdie katkisasieboek 'n growwe veralgemening in

36

die Afrikaanse kerkhistoriese grafie aan die kaak?<sup>82</sup> Die *Korte Schets* moet 'n mens ten minste versigtig stem om die karakter en teologie van die Kaapse kerk gedurende die 18de eeu goedskiks as reformatories-gereformeerde of Dordts-gereformeerde op te vat. So het daar byna ongemerk nóg 'n kerkhistoriese belang bygekome, 'n belang wat aandring op behandeling.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

### BAKHUIZEN VAN DEN BRINK IN

1976<sup>2</sup>. *De Nederlandse Belijdenisschriften in authentieke teksten tekstvergelijkingen*. Amsterdam.

### BALIE IHT

1988. *Die geskiedenis van Genadendal 1738-1988* Kaapstad.

### BOESEKEN AJ

1943. *Die Nederlandse Kommissaris en die 18<sup>de</sup> eeuse samelewing aan die Kaap*. Ongepubliseerd. D.Phil.-verhandeling, US.

### BOSEXEN AJ

1964. *Simon van der Stel en sy kinders*. Kaapstad.

### BREDEKAMP HC EN HATHINGH JL (REDS)

1981. *Dagboek en briewe van Georg Schmidt, Eerste Sendeling in Suid-Afrika (1737- 1744)*. Getranskribeer deur dr B Krüger en pastoor H Plüdemann. Vertaal deur mev. J du P Back. Publikasie reeks Bl. Die Wes-Kaapse

---

<sup>81</sup> Vgl. Knappert: *a.w.*, Inleiding. asook 68 e.v.; De Jong: *Nederlandse Kerkgeschiedenis*. Nijkerk, 1972, 288 e.v.; Bronsveld: *Schetsen uil het godsdienstig en kerkelike leven in de vorige eeuw*. Amsterdam, 1873, 69 e.v. Weiler, De Jong. Rogier, Mönnich (reds.): *Geschiedenis van de Kerk in Nederland*. Utrecht, Antwerpen, 1962, 152 e.v.

<sup>82</sup> Hierdie opvatting is deur Du Toit, met 'n apologetiese oorweging, aan die begin van die 20ste eeu gepopulariseer. Daarmee het dit 'n gangbare uitgangspunt in die historiografie van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis geword om die vroeë Kaapse kerk as konfessioneel-gereformeerde te tipeer. Sien sy "Geschiedenis van de Hollandse Kerken in Zuid-Afrika, in taferelen geschetst," in Hamersma, Los en Du Toit: *De Geschiedenis van de Christelike Kerk*. Potchefstroom, 1911, 265 e.v.

Instituut vir Historiese Navorsing. Bellville, 1981.

BRIENEN T

1974. *De prediking van de Nadere Reformatie. Een onderzoek naar het gebruik van de klassificatiemethode binnen de prediking van de Nadere Reformatie.* Amsterdam.

Britz RM

1974. *Beeld en Singewing. 'n Ekklesiologiese verkenning van die literatuur waarin die geskiedskrywing oor die Ned Geref Kirk sy oorsprong het.* Ongepubliseerd. D.Th.-verhandeling, US. .

BRONSVELD AW

1873. *Schetsen uit het godsdienstig en kerkelijke leven in de vorige eeuw.* Amsterdam, voorw.

CRUSE HP

1947. *Die opheffing van die Kleurling bevolking. Deel I: Aanvangsjare 1652-1795.* Stellenbosch.

DE JONG O

1972. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* Nijkerk.

37

*De laaste woorden van wijlen den Heer Hermanus Lambertus Bosman, stamvader van al de Bosmans in Z. Afrika geboren, beschreven door zyn Eds. dochter Elizabeth Bosman, zuster van Mejuff. Susanna Bosman, weduwee De Vries, wier brieven aan den Wel. Eerw. Theodorus van der Groe, in leven dienaar der Gemeente van Jezus Christus te Kralingen, als aanhangsel bijgevoegd zijn. Uitgegeven op verzoek van den Heer Frans Petrus Bosman uit stukken door sijn Ed. bezorg, by N.H. Marais. Kaapstad, 1855.*

DE VILLIERS OW

1957. *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Ongepubliseerd. D.Div-verhandeling. US.

DOMINICUS FC

*Het ontslag van Willem Adrian van der Stel.* Rotterdam, MCMXXVIII.

DU PLESSIS J

1911. *A history of Christian Missions in South Africa.* London.

ENGELBRECHT SP

1952. *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu.* Pretoria.

FENCHAM FC (RED).

1986. *Drie eeue genade, Ned Geref Gemeente Stellenbosch 1686-1986.* Kaapstad.

GRAAFLAND C

1961. *De zekerheid van het geloof. Een onderzoek naar de geloofsbeschouwing van enige vertegenwoordigers van reformatie en nadere reformatie.* Wageningen.

HAMERSMA T, LOS SO EN DU TOIT JD

1911. *De geschiedenis van de Christelijke Kerk.* Potchefstroom.

HATTINGH JL

26-29 Julie 1988. "Biografieë van enkele Hugenote-predikante." Ongepubliseerde referaat by die *Derde Suid-Afrikaanse Kongres oor Calvynnavorsing.* Stellenbosch.

HELLENBROEK A

1912<sup>25</sup>. *Voorbeeld der Goddelijke waarheden, voor eenvoudigen, die zich bereiden tot die Belijdenis des Geloofs, meest tot partikulier gebruik opgesteld door A Hellenbroek.* Nijkerk.

HOGÉ J

1938. "Die geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap," in die *Argief Jaarboek 1(2).*

HUGO AM EN VAN DER BIJL J

1963. *Die Kerk van Stellenbosch 1886-1963. 'n Geskiedenis van die kerkgeboue van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente te Stellenbosch en van die mense wat hulle gebou het, vanaf die dae van Simon van der Stel tot op die huidige dag, in opdrag van die kerkraad van Stellenbosch geskryf.* Kaapstad.

HURTER PW

1975. *Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap (1745-1759) - 'n inleidende verkenning van en vraagstelling in verband met die bestaande notules en beskikbare korrespondensie.* Ongepubliseerde Lisensiaatskripsie, US.

*Kerkelijke Handboekje, Zijnde een kon uittreksel van de voornaamste acten der Nationale en Provintiale Synoden, betrekkelijk de zuiverheid der Leere, rust der kerke, enz. Alsmede de Post-Acta of Nahandelingen van het Nationale Synode van Dordrecht, gehouden in de Jaren 1618 en 1619 zeer dienstig en noodig voor Predikanten en Kerkraden met eene voorrede. Op nieuw uitgegeven door de Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, gehouden te Hoogeveen, Anno MDCCCLX. Kampen, 1897.*

KNAPPERT L

1912. *Geschiedenis der Hervormde Kerk onder de Republiek en het Koninkryk der Nederlanden II: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 18<sup>e</sup> en 19<sup>e</sup> eeuw*. Amsersdam.

38

KRUGER B

1966. *The pear tree blossoms. The History of the Moravian Church in South Africa 1737-1869*. Genadendal.

LE SEUER F

1746. *Korte schets der Goddelijke Waerheden*. Amsterdam.

MEIRING JG (SAMESTELLER)

1943. *Meedelings omtrent en 'n Reisbeskrywing deur Arnoldus Mauritius Meiring. Die eerste predikant van 't Land van Waveren en stamvader van die Meiring-geslag in Suid-Afrika*. S.p. Voorw.

MOORREES A

1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad.

MULLER K

1923. *Georg Schmidl. Die Geschichte der ersten Hottentotten-Mission 1737-44*. Herrnhut.

ODENDAAL W

1957. *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952) veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk*. Franeker.

REITSMA J

1913. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk. Derde bijgewerkte en vermeerderde druk bezorg door dr I lindeboom (Hfst I-IX bewerkt door dr L A van Langeraad) met medewerking van F Reitsma*. Utrecht.

SMIT AP

1945. *Gedenboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartland. Tweede Eeufees 1745-1945*. Kaapstad.

SPOELSTRA B

1963. *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899*. Kaapstad.

SPOELSTRA C

1907. *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel II: Brieven van de Classis Amsterdam aan de Kaapsche Kerken 1655-1804*. Amsterdam.

STAPEL FN

1938. *Geschiedenis van Nederlandsen Indië. Ses dele. Amsterdam*.

*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Pretoria, 1968.

*The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff, on the Cape. With incidental correspondence. Van Riebeeck Society I*. Cape Town. 1918.

VAN DER MERWE WJ

1936. *The Development of Missionary attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa*. Cape Town.

VAN DER SPUY P

1753. *Dank-Altar, Gode ter eere opgericht; of eene plechtige redevoering ter gelegenheid van 's Ed. Comps. Honden jaarige Possessie des Gouvernements van Cabo de Goede Hoop*. Utrecht.

VERBOOM W

1986. *De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie*. Amsterdam. Voorw.

VOS GJ

1882. *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk. Tweede Deel. Van 1651-1842* Dordrecht.

WEILER AG, DB JONG OJ, ROOIER U EN MONNICH CW

1962. *Geschiedenis van de Kerk in Nederland*. Utrecht.

39

WOLTJER JJ

1965. *De Leidse Universiteit in verleden en heden*. Leiden.

YPEIJ A EN DERMOUT IJ

1824. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormd Kerk. Bd III*. Breda

40

